# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

20 Maart 2026

**NUUSBRIEF 10/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskoolatletiek**: **Luan du Toit** neem Vrydag, **20 Maart** en Saterdag, **21 Maart** deel aan die **SA Kampioenskappe**. Ons wens hom alle sterkte toe met sy voorbereidings vir hierdie byeenkoms. Hou ons Bonnie-naam hoog, Luan!

2. **Hoërskoolatletiek: Ronwin Matjan** (110mH) het verlede Saterdag deelgeneem aan die Wes-Kaap Kampioenskappe in Stellenbosch. Hy het baie mooi gehardloop, maar ongelukkig nie die finaal gehaal nie. Dit is steeds 'n pragtige prestasie waarop ons trots is.

3. **HSB Swemgala:** HSB het op Vrydag **13 Maart** die HSB Swemgala aangebied. Dit was die eerste keer dat HSB in kwartaal een 'n swemgala hou, omdat daar 'n behoefte aan galas is. Dit was 'n baie warm dag en ons is baie trots om te sê dat HSB weereens 'n baie suksesvolle gala aangebied het. **Daar was 'n rekord getal swemmers (245) wat ingeskryf het vir verskeie items.** Die swemmers het nie teleurgestel nie en baie mooi geswem. Ons is trots op elke swemmer en wil graag baie dankie sê aan al die ondersteuners.

   **Uitslae van HSB se top swemmers:**

| | | |
|---|---|---|
| **Rugslag** | | |
| Wian Fourie | 7 jaar | Eerste plek |
| Liana Rheeders | 8 jaar | Derde plek |
| Christiaan le Roux | 11 jaar | Tweede plek |
| **Borsslag** | | |
| Wian Fourie | 7 jaar | Tweede plek |
| Juandré Rheeders | 7 jaar | Derde plek |
| Steyn Lombaard | 11 jaar | Derde plek |
| Alné Matthee | 11 jaar | Derde plek |
| **Vryslag** | | |
| Wian Fourie | 7 jaar | Eerste plek |
| Juandré Rheeders | 7 jaar | Tweede plek |
| Liana Rheeders | 8 jaar | Eerste plek |
| Janelle van Zyl | 11 jaar | Tweede plek |
| Joshua Esterhuizen | 12 jaar | Tweede plek |
| Alné Matthee | 12 jaar | Derde plek |

4. **Tweekamp: Wian Fourie** neem Saterdag **21 Maart** aan die **SA Tweekampbyeenkoms** in Oudtshoorn deel. Baie sterkte, Wian! Doen jou bes. Ons is trots op jou!

5. **Swimathon:** Ondersteun asseblief ons Swimathon wat op **23 Maart** plaasvind! Daar is heerlike pryse en gelukkige trekkings te wen. Pryse vir swemmers sluit in kontantpryse, Outdoor geskenkbewyse en data geskenkbewyse. Die persone wat swemmers borg kan 'n Bonnievale Slaghuis geskenkbewys, 'n vark of 'n Springbok wen (wenner is self verantwoordelik vir die slag en verwerkingskoste van dier). **Borg 'n swemmer en staan 'n kans om te wen!**

6. **Skaak:** Ons sê baie geluk aan die volgende skaakspelers wat deurgedring het na die 2de rondte van die **Cape Winelands Skaakproewe**. Die proewe vind plaas by Hoërskool Wellington op Saterdag, **21 Maart**.

   Keziah Steyn
   Owaziyo Makhutshi
   Amor Simon
   Ruben Potgieter
   Janien de Wet
   Dimeane Palmer
   Sunette Jacobs

7. **Wiskunde Olimpiade:** Ons sê baie geluk aan die volgende leerders wat deurgedring het na die 2de rondte van die **SAWO Wiskunde Olimpiade** wat op **14 Mei** sal plaasvind.

   Inathi Mabuthile
   Loumari Barnard
   Tylor Anderson

8. **Debat:** Die volgende hoërskool leerders het op **18 Maart** 'n debatswerkswinkel in die Paarl bygewoon. Dit was baie leersaam, veral rakende die formaat van 'n opkomende kompetisie in Julie in Paarl.

   Ruben Potgieter
   Mia Kiewiet
   Xaynia Joubert
   Libubuhle Tyhalisisu
   Retha Mari Steyn
   Jordan Smith

9. **Mini-gholfdag:** Ons wil net weereens baie dankie sê vir elke besigheid wat 'n putjie geborg het, donasie of 'n prys gegee het vir HSB se mini-gholfdag wat gehou is op **14 Maart**. Sonder julle sou die dag nie moontlik gewees het nie. Dankie aan die spelers wat die dag ondersteun het. Almal het die baie geniet. Dankie aan Bonnievale Gholfklub vir jul fasiliteite.

   **Borge en donasies – die name van borge word in hierdie nuusbrief aangedui. Nogmaals baie dankie vir u ondersteuning. Dit beteken baie vir ons!**

10. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 13 Mrt | HSB Swemgala, HS Wes-Kaap Kampioenskappe (atletiek) |
| Sa. 14 Mrt | HSB Mini-gholfdag, HS Wes-Kaap Kampioenskappe (atletiek) |
| Ma. 16 Mrt | Juf. Belinda Oosthuizen verjaar |
| Wo. 18 Mrt | LS Redenaars by Klubhuis |
| Do. 19 Mrt | HS Redenaars by Klubhuis |
| Vr. 20 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Sa. 21 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Ma. 23 Mrt | HSB Swimathon |
| Di. 24 Mrt | Klub 100 funksie |

| | |
|---|---|
| Do. 26 Mrt | Juf. Tanya van Heerden verjaar |
| Vr. 27 Mrt | Skole sluit vir kwartaal 1 |
| Ma.& Di.<br>30 - 31 Mrt | Skaak werkswinkel<br>Gr.1 – gr.3 |
| Wo.& Do.<br>1 - 2 Apr | Skaak werkswinkel<br>Gr.4 – gr.6 |
| Wo. 8 Apr | Skole open vir kwartaal 2<br>Juf. Githe-Mari van Loggerenberg verjaar |
| Sa. 11 Apr | HS en LS sport vs De Villiers Graaff (weg) |
| Di. 14 Apr | 2027 Inskrywings vir gr.1 en gr.8 sluit<br>LS Montagu sport (weg) |
| Do. 16 Apr | LS Netbal Langeberg Proewe (HSB) |
| Sa. 18 Apr | Rûens Sportdag<br>HS Curro Hermanus sport (tuis) |
| Wo. 22 Apr | HS Montagu sport (tuis) |
| Do. 23 Apr | Juf. Surita Brink verjaar<br>LS Bontebok sport (tuis) |
| Vr. 24 Apr | Rian Boshoff verjaar |
| Wo. 29 Apr | Jan du Toit verjaar<br>Ashton Sekondêr sport (weg) |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**“Daar is sewe dae in die week en Eendag is nie een van hulle nie”**







4IR EDULEAD
Learn Think Achieve
SKAAK WERKSWINKEL
tydens Maart / April 2026 skoolvakansie
by Hoërskool Bonnievale
Skaak maak kinders SLIM!!!
Graad 1-6 leerlinge
Gr 1 tot Gr 3: 30-31 Maart 2026 | 08:30-15:00
Gr 4 tot Gr 6: 1-2 April 2026 | 08:30-15:30
Kostes: R30 per leerling vir 2 dae.
MiniSkaak bevorder:
Logiese denke & probleemoplossing
Konflikhantering, fokus & konsentrasie
Numeriese vaardighede (optel, maal, deel, fraksies)
Kritiese denkvaardighede
Taalvaardighede en lees
Ruimtelike bewustheid
Spanwerk en leierskapsontwikkeling
Bespreek by
Ronell Jordaan:
073 291 0450
MINICHESS


Pre-Primère Skool
Irena Coetzee
NUWE AANSOEKE
2027
4-5 jaar Pikkies
6 jaar Graad R
Vanaf 23 Maart 2026
Tot 30 April 2026
Vorms kan by die skool gekry word
op weeksdae vanaf
7:30 – 12:30
023 616 2893
ic.kleuterskool@gmail.com